

Skriflesing: 1 Konings 18: 1 – 16Teks: **1 Konings 18:7-8**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 33:1,2****TYDENS EREDIENS- Ps. 33:8, 9; Ps. 119:13,14; Ps. 48:4; Ps. 68:2****1 Konings 18: 1 – 16**

1Ki 18:1 Na 'n lang tyd, dit was omtrent drie jaar, het die woord van die Here tot Elia gekom en gesê: "Gaan na Agab toe. Moenie langer vir hom wegkruip nie. Ek wil dit weer in die land laat reën."

1Ki 18:2 Elia het na Agab toe gegaan. Die swaar hongersnood het nog voortgeduur in Samaria.

1Ki 18:3 Agab het vir Obadja, die paleisopsigter, na hom toe laat kom. Obadja het die Here pligsgetrou gedien.

1Ki 18:4 Toe Isebel die profete van die Here doodgemaak het, het Obadja honderd geneem en hulle vyftig-vyftig in grotte weggesteek en hulle van kos en water voorsien.

1Ki 18:5 Agab het vir Obadja gesê: "Kom ons trek deur die land, na elke fontein en spruit toe. Dalk kry ons gras om die perde en muile aan die lewe te hou. Dan hoef ons nie van hulle dood te maak nie."

1Ki 18:6 Hulle het die land tussen hulle verdeel. Agab het alleen in een rigting gegaan, en Obadja alleen in 'n ander rigting.

1Ki 18:7 Terwyl Obadja onderweg was, kom Elia hom meteens tegemoet. Obadja het hom herken en voor hom op sy knieë geval en gesê: "Maar u is mos Elia!"

1Ki 18:8 Elia sê toe vir hom: "Ja, dit is ek! Gaan sê vir die koning: Elia is hier."

1Ki 18:9 Maar Obadja sê: "Watter sonde het ek gedoen dat u my aan Agab uitlewer om my dood te maak?"

1Ki 18:10 So seker as die Here u God leef, daar is geen nasie of koninkryk waar die koning u nie probeer opspoor het nie. As hulle sê: 'Elia is nie hier nie,' het die koning die koninkryk of die nasie met 'n eed laat bevestig dat hulle u nie kon kry nie.

1Ki 18:11 Nou sê u sommer: 'Gaan sê vir die koning Elia is hier!'

1Ki 18:12 As ek nou van u af sou weggaan, en die Gees van die Here neem u weg, sonder dat ek weet waarheen, en ek gaan vertel vir Agab ek het u gesien, maar hy kan u nie kry nie, dan maak hy my beslis dood. En dit terwyl ek die Here van my jeug af dien.

1Ki 18:13 Het hulle u nie vertel wat ek gedoen het toe Isebel die profete van die Here doodgemaak het nie, dat ek honderd profete van die Here vyftig-vyftig in grotte weggesteek het en hulle van kos en water voorsien het?

1Ki 18:14 Nou stuur u my sommer om vir koning Agab te gaan sê Elia is hier. Hy sal my mos doodmaak."

1Ki 18:15 Maar Elia sê vir Obadja: "So seker as die Here leef, die Almagtige in wie se diens ek staan, ek sal sorg dat Agab my vandag nog te sien kry."

1Ki 18:16 Toe gaan Obadja na Agab toe en vertel hom, en Agab het na Elia toe gekom.

Skriflesing: 1 Konings 18: 1 – 16Teks: **1 Konings 18: 7-8**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 33:1,2****TYDENS EREDIENS- Ps. 33:8, 9; Ps. 119:13,14; Ps. 48:4; Ps. 68:2**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in ons reeks rondom hoe God in die lewe van Elia

gewerk het, was die vorige hoofstuk gevul in hoe daar tye, gebeure en mense op jou pad

geplaas word, waarin jy werklik getoets word. Elia by die spruit wat al droër geword het,

totdat sou opdroog. Geen kraai wat meer daarnatoe sou vlieg nie, want daar was geen water

meer nie. Toe stuur God vir Elia buite sy land na 'n weduwee en weer kom daar toetse. Die

weduwee wat net moes glo die meel in die kruik sal nie minder word nie en die olie in die

kan sal nie opraak nie. God het deur Elia dit belowe en so was dit. Sy kon maar vir Elia 'n

roosterkoek uit daardie bietjie meel en olie voorberei want God het gesorg dat hulle in die

ergste van droogtes versorg sou wees. Wat die weduwee nie geweet het nie is hoe haar

enigste kind siek sou word en sou sterf. Die toets vir haar het net moeiliker geword. Waar sy

aanvanklik op hulle dood voorberei was deur vir Elia te sê sy maak maar die laaste ete dan

gaan sy en haar kind ook moet sterwe. Dit was haar sterwensbegeleiding. Deur Elia het God dit gemaak lewensbegeleiding. Hulle het bly lewe deur die meel en die olie wat nie opgeraak het nie. En toe haar kind sterwe toe is sy so min voorberei as wat 'n mens voorberei kan wees. Vir hierdie dood was sy nie voorberei nie. Haar sterwensbegeleiding was toe baie moeilik.

Ons het verlede Sondag gehoor hoe sy teologies gereageer het op 'n dood wat sy na drie kante haarself teologies so verkeerd wou handhaaf- *“Kyk wat het u my aangedoen, man van God! Het u na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan?”* Deur jou het God my lewe oopgevelek, jy man van God. Jy het ons wel gewone brood laat eet, nou moet ons eet hierdie brood van smarte. Ons verdien dit nie! Haar laaste teologiese sprong is die ergste. Jy het die dood ons huis ingedra deur jou hier wees. Tog het Elia hierdie kind van verlede Sondag bo kamer toe gevat, homself 3X oor die kind uitgestrek en so dood soos hy die kind bo kamer toe gevat het, so lewendig het hy hierdie kind afgedra en hom lewend aan sy ma teruggegee. 'n Wonderverhaal wat ons die wonder alleen in Christus verder kon vat.

As ons dan vandag die volgende hoofstuk in Christus wil oopmaak dan lyk dit oorhoofs dat soos wat 1 Konings 17 werke, woorde en wonders van Elia bevat wat dui op die toetse wat daar in ons lewens kom, is hoofstuk 18 weer gevul met woorde, werke en wonders wat te doen het met die ontmoetinge, maar óók die botsings wat daar in ons lewens kom. Mense wat mekaar tegemoet loop wat dit die minste verwag kan word. Watter werke, woorde en wonders is tussen hierdie ontmoetinge van mense nie aan die gebeur nie! Ons sien baie keer hoe dinge vanuit mense se oortuiging as iets van 'n toevalligheid gesien word maar dan besef ons niks gebeur ooit toevallig nie. Nooit is daar 'n toevallige ontmoeting met mense wat jou en my paaie al gekruis het nie.

Ons sien die ontmoetinge tussen mense nogal op verskillende maniere juis vanuit die mense wat hier ter sprake kom. Die ontmoetinge waarby 'n eintlik onbekende profeet Obadja by ingetrek word. Hoe Agab, die afgryslieke mens, die afgodedienaar, die Baäl aanbidder, eintlik soos 'n pion in die hand van die lewende God is, dié God wat hy nie wil ken of nog minder wil erken nie. Natuurlik dan hoe Elia in al hierdie ontmoetinge die deurslaggewende rol sou speel.

Eerste dan hoe God vir Obadja in die verskillende ontmoetinge gebruik het:

Watter merkwaardige man, hierdie Obadja wat ons vandag van gelees het? As die Israeliet gehoor het die woord *Obad-* dan beteken dit kneg en *ja*,... kom van *Jahweh*, m.a.w. *Obadja* beteken eenvoudig kneg van God. Dit wat Elia ook was, dit wat ons ook vir die Here moet wees. Knegte en dienaars van die lewende God in Christus.

Obadja was op die oog af 'n kneg van Agab gewees. Ons lees hy was sy paleisopsigter. Die 2020 Vertaling noem hom *die hoof van die hofhouding* ... Al wat ons weet Agab het hom gesien as sy kneg, maar in sy hart, ja die binnekant van Obadja se lewe was aan God se kant, al het die mense aan die buitekant dit nie geweet nie. Elia het self nie geweet van hierdie merkwaardige man wat daar in sy land eintlik aan die kant van die Here gewerk het nie.

Die Here sou Obadja as 'n tussen figuur, ja 'n soort van middelaar tussen Agab en Elia stel. Vir drie jaar was hierdie verskriklike droogte reeds aan die gang gewees. Dinge word al swaarder, mense word al meer desperaat. Sterftes vanweë honger sou al meer en meer word, al het die weduwee en haar nou opgewekte seun op wonderbaarlike wyse bly lewe, want dit word nie vertel dat die vermeerdering van die meel en olie ooit opgehou het voordat dit nie gereën het nie. In hierdie verskriklike tyd doen hierdie onbekende Obada ook iets so wonderbaarlik, nog Agab, nog Elia het van Obadja se besondere hart en goeie werk geweet. Hy wat paleisopsigter was van die mees heidense man wat daar toe op twee bene was, maar intussen het Obadja daarin kon slaag om van God se ander dienaars, ja honderd oorlewende profete van die Here, hulle wat Isebel se moorde kon vryraak, het Obada hulle vyftig-vyftig in grotte weggesteek. Hy het hulle nie net weggesteek nie, maar het hulle van kos en water voorsien. Aangrypend die goedheid van God wat hy deur die onbekende Obadja in die lewens van ander dienaars laat gebeur. Ja, God gebruik Obadja op 'n besondere manier, soos wat ons as kinders van die Here mag glo en dit moet ons ook weet, ek en jy ook deur God op besondere maniere gebruik kan word.

Want het die Here nie net vir Obadja op 'n besondere manier in die ontmoeting met hierdie ander honderd profete van die Here gebruik nie, maar waar die grootste ontmoeting sou moes plaasvind, dié tussen Elia en Agab daar het God hom ook wonderbaarlik gebruik. Ja, soos ons eerste punt dit stel, God het vir Obadja by besondere ontmoetinge betrek, ontmoetinge wat al belangriker sou word, maar moet ons net as tweede gedagte ook raaksien -

Hoe die afgrylike Agab eintlik maar soos 'n pion in die hand van die lewende God was:

Hoekom noem ons Agab afgrylik. Beslis omdat God se Woord hom so teken. 'n Afgodedienaar by uitstek, hy wat sy vrou sy baas geword het, hy wat haar Baäldiens al erger laat word, het. Hy wat glo Baäl skenk reën, gee vrugbaarheid, Baäl bepaal as't ware waar jou brood vandaan kom. Hierdie droogte van drie jaar wys baie duidelik of Baäl is dood, of Baäl bestaan werklik nie, maar wat mense wil glo, is verskriklik. Droogtes kan dikwels gebreek word maar om mense se verkeerde geloof te breek is dikwels moeiliker as die breek van 'n droogte. Alleen God kan dit doen. God sou Agab stukkie vir stukkie breek omdat hierdie heiden man gedink het, hy kan God maar verbygaan, hy kan maak asof die God van Elia nie waarlik God is nie. Terwyl Elia met die stukke van sy lewe al duideliker sou kon aantoon, dit wat Elia se groot sending in sy lewe was, om te wys, die HERE, Hy is God.

Vandag sien ons nog 'n ander afgrylike kant van die goddelose Agab. Ja, wanneer die lewe van diere belangriker word as die lewens van mense. Agab laat Obadja na hom toe kom, dié Obadja wat ons ons reeds oor kon verwonder. Agab gee opdrag hy en Obadja moet deur die land trek en elke fontein en spruit soek waar daar dalk nog bietjie gras was, om hy wat Agab is se perde en muile aan die lewe te hou. Niks gee hy om vir die lewens van mense nie, so lank sy perde en muile maar net kan bly lewe. So het hulle die land ingegaan, ja Agab het in een rigting gegaan en Obadja in 'n ander rigting.

Agab is met sy eie planne besig, hy maak groot planne om sy diere aan die lewe te hou, terwyl hierdie dienaar van hom, hy wat saam met Agab na gras en spruite moet gaan soek, darem reeds bewys het, hy hou mense aan die gang. Hy hou God se profete aan die lewe, al moet hulle in grotte skuil. Dit gaan vir Obadja om baie meer as net dat hulle profete was, maar die feit dat hulle waarlik God se profete was, is waarom dit vir hom gegaan. 'n Werk wat God se grootste profeet Elia nie eers van geweet het nie. Elia het beslis nie geweet daar is waarlik nog soveel ander ware profete wat in dieselfde land as syne was nie. Later sal ons agterkom Elia het ook nie besef, dit sou ook by hom verbygaan dat in sy land daar eintlik nog 7000 ander was, wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie. Eintlik was dit by Elia 'n groot vergissing, wat as hy dit geweet het, sy lewe dalk later ook nie na 'n besembos van moedeloosheid sou lei nie. Maar dis 'n preek vir 'n ander dag. (Gister by die sustersaamtrek het ons dit wel reeds aangeraak).

Intussen is die Baäl aanbidder, Agab eintlik maar net 'n pion in die hand van die lewende God. Hy soek gras en spruite en water om sy diere van kos te voorsien, maar God sou hierdie deurkruising in die soeke na gras juis gebruik dat Obadja hom eers teen Elia sou vasloop, watter besondere ontmoeting was dit nie. Maar die nog groter ontmoeting sou moes kom, die dag dat Agab en Elia weer teen mekaar moet kan vasloop.

Dit wat ons mos reeds gesê het, hier gebeur niks toevallig in hierdie hoofstuk nie. Alles wat hier gebeur het die bedoeling dat mense teen mekaar moet vasloop, dat mense bymekaar moet uitkom, al hou hulle nie noodwendig van mekaar nie. Hoofstuk 17 gaan oor die toetse in jou en my lewe, hoofstuk 18 gaan oor die ontmoetinge wat daar ook in jou en my lewe moet wees. In alles was Agab maar eintlik 'n skuifstukkie, 'n pion in die hande van die lewende God wat die wêreld sy groot skaakbord kan maak, maar wat God in alle geval reeds alles in plek gestel het. Agab dink hy maak die land 'n skaakspel, in sy spel met die lewende God, maar God is besig om hom voor te berei vir die dag wat hy weer teen Elia sal vasloop. Watter verskriklike ontmoeting sou dit nie word nie, as ons later by die res van hoofstuk 18 sal kan uitkom. Eintlik is Agab ook maar net 'n pion in die hande van God wat hy nie weet en nie wou erken, dat die God, Hy is die Here. Ons laaste gedagte is dan wat eintlik sou uitloop op die nog groot wonderbaarlike gebeure in Elia se lewe. As laaste gedagte stel ons dit vandag net reeds-

Hoe Elia in al hierdie ontmoetinge 'n deurslaggewende rol sou speel:

As Obadja so op sy eie deur die land onderweg is, op soek na gras, spruite en water dan skielik kom Elia hom tegemoet. In die hoofstuk van ontmoetings is dit 'n baie besondere saamkom. Obadja erken vir Elia en dit is ook sy eerste reaksie. Hy val op sy knieë voor hom en sê – *Maar u is mos Elia ...*

Tog is hierdie ontmoeting eintlik gefokus op die nog groter ontmoeting wat moet kom. Elia wil vir die goddelose Agab voor oë kry, maar daarvoor gaan God ook Obadja gebruik, ja eintlik ook weer 'n toets in die lewe van Obadja. Gaan hy Elia gewoon net op sy woord neem dat as hy vir agab gaan vertel Elia wil hom sien en die ontmoeting moet gou wees, wat gaan van hom wat Obadja is oorbly. Dis lewensgevaarlik die dinge wat nou gevra word en wat nou ook kan gebeur. Tog weet ons daar was nog nooit 'n tyd wat godsdiens nie gevaarlik was nie. In die land is ons eintlik net nog baie geseënd gewees dat ons van die gevare van godsdiens gespaar gebly het. So asof dit maar algemeen is. Terwyl as jy vandag na wêreld gaan en wêreldtonele word beoordeel het baie daarvan te make met die gevaar van godsdiens.

Ja, hoe gevaarlik is godsdiens net nie as jy nie die ware God as die Here in jou lewe ken en dien nie! As ander dinge in die lewe my en jou godsdiens geword het, dan loop ons op gevaarlike afgronde aan. Ons noem dit dan nie noodwendig godsdiens, maar dis dinge wat in alle geval gode in ons lewens kom word het. Eintlik maar ons Baäls!

Dis waar Elia alles kom blootlê. Hy is deurslaggewend om te wys hoe nietig is hierdie Baäl. Hoe die droogte in die natuur kan dui op 'n droogte in die godsdiens by dié wat die ware God nie meer ken en dien as die Gewer van alles wat goed is nie. Hoe noodsaaklik bekering is en dat mense gedwing word tot 'n openlike keuse. Die hele volk sou in die res van hfst. 18 by die Karmelberg tot hierdie keuse gedwing word. Dit waarby ons DV 'n volgende keer by mag uitkom. Maar allereers sou die koning as voorganger in Israel wys waar hy staan as hy ook tot 'n keuse gedwing sal word. In dié dinge het Elia 'n deurslaggewende rol moes speel.

Vandag besef ons die Een wat waarlik by ons die deurslaggewende rol moet speel kan net Één wees, Hy wat ons Here Jesus Christus is. Obadja was bang, hy was onseker dat sou hy nou vir Agab gaan vertel hy het Elia ontmoet, dan gaan alle hel losbars. Dis te verstane, maar daarin is Elia weereens in sy woorde en belofte deurslaggewend. Agab het werklik elke hoekie en kantjie van sy wêreld deursoek en kon Elia nie opspoor nie. Nasies het voor Agab beloftes moes maak hulle weet nie waar Elia is nie. Nou skielik nou kom Obadja en het vir Agab te vertel dat Elia is hier. Obadja is bang, maar dis die onsekerheid wat 'n gelowige ook kan hê. Ons hoor die woorde van 'n gelowige as Obadja sy redenasie verder vat. *12 As ek nou van u af sou weggaan, en die Gees van die Here neem u weg, sonder dat ek weet waarheen, en ek gaan vertel vir Agab ek het u gesien, maar hy kan u nie kry nie, dan maak hy my beslis dood. En dit terwyl ek die Here van my jeug af dien.*

Obadja vertel vir Elia alles. Ook sy werk om God se profete oor hierdie jare weg te steek. Wonderlik wat Obadja gedoen het, maar tog het hy die onsekerheid en vrees wat nie soos mis voor die son uit 'n gelowige se lewe verdwyn nie. En dan is Elia duidelik en Obadja kan maar seker wees, hy wat Elia is, gaan daardie dag nog Agab wil sien. Dis afgespreek, dis afgehandel, dis deurslaggewend. Vers 15 sê Elia dit- *“So seker as die Here leef, die Almagtige in wie se diens ek staan, ek sal sorg dat Agab my vandag nog te sien kry.”*

En as ons dan die verdere groot drama in hfst. 18 'n volgende keer by mag uitkom kan ons nou reeds weet dat Elia se woorde, maar ook sy optredes sou werklik deurslaggewend wees.

Die werklike ontmoeting tussen Elia en Agab is waarnatoe dit moes werk. Daarby sal ons DV volgende keer moet kom.

Ons sluit af met die troos dat God in Christus werk altyd deurslaggewend. Obadja het wonderlike dinge gedoen, maar hy het ook vrese en onsekerhede gehad. Dis te verstane. Ons as gelowiges het dit vandag nog. Ons kan nie daarvan wegkom nie. Die punt is wat maak ek met hierdie vrese en onsekerhede. Gaan na Hom toe, Hy wat waarlik jou Here is, wat in Christus ook sy belofte gee dat Hy sal sy Heilige Gees nooit van ons wegneem nie.

Glo waarlik in Hom maar ook in wat Hy belowe. Dan hoef ek geen ander mens te vrees nie. Na alles was Obadja regtig bang vir Agab, want Obadja het geweet hy doen goed deur die profete weg te steek, maar Agab moet dit nie weet nie, nog minder sy vrou, dan is dit met hom verby. Ja, gegronde vrese op grond van die goeie wat ons ook doen, is ons tyd ook nie ongekend nie. Weet dat God sien die goeie en al kan dit jou dalk by andere in groot moeilikheid bring maar die Een om Wie dit werklik gaan, Hy sien jou, Hy beskerm jou, Hy beloon jou. Hy doen die dinge waaroor ons dan werklik dankbaar kan wees. Hou aan om dit wat reg en goed is te doen en jy hoef dan geen mens te vrees nie. Baie sal sê dis makliker gesê as gedaan, die res van hfst. 18 en dan veral ook hfst. 19 sal hierdie tipe van moeilikhede in ons lewens nog verder blootlê.

AMEN